INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 4 3 | Datum 9 6 0 9 0 3 2 4 7 | Onderwerp nr. 0 8 6 | Knipsel nr. 1 1 0 6 0 8

DIE BURGER Jg. 82 Nr. ...... P. 11 Dat. 3.9.1996

TREFWOORDE
1 Regering
Nas Eenheid
2 Ekonomie
gaing
3 Vrystelling
4 Belasting
5 Maatskappye
6 Suid-Afrika
7 Safto
8 Sasria
9
10

# Gaarder gaan vrygestelde groepe nou ook vasvat

Hein Swart

KAAPSTAD. – Die Regering gaan met die oog op die verbreding van sy belastingbasis opnuut kyk na groepe wat onder die ou bedeling belastingvrystellings geniet het. Dit sluit liggame in wat in die apartheidsera ontstaan en wie se rol sedertdien verander het.

Die eerste twee slagoffers is juis liggame wat in laasgenoemde kategorie val.

Hulle is die Suid-Afrikaanse Buitelandse Handelsorganisasie (Safto) en die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikovereniging (Sasria), wat albei hul jarelange belastingvrystellings verloor het en voortaan verplig sal word om soos enige normale maatskappy belasting op hul winste te verklaar.

Safto het van sy grootste en waardevolste werk gedoen in die tyd toe Suid-Afrikaanse maatskappye kwaai getref is deur die internasionale boikotte en sanksies en dit uiters moeilik gevind het om met die buiteland sake te doen.

Sasria is op sy beurt gestig om maatskappye en individue te verseker teen skade of verlies weens politieke optrede en onluste omdat gewone korttermynversekeraars nie bereid was om dit te doen nie.

Sedert die nuwe Suid-Afrika tot stand gekom het, het die sanksies en boikotte verdwyn, terwyl die behoefte aan spesiale versekering teen politieke optrede ook grootliks verdwyn het. Sowel Safto as Sasria het intussen nuwe benaderings begin volg en ding nou op hul onderskeie gebiede met ander maatskappye mee. In Safto se geval het sy staatsubsidies ook verval.

Mnr. Kosie Louw van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het gister voor die parlementêre Gesamentlike Staande Komitee oor Finansies getuig dat al die liggame wat tans belastingvergunnings geniet, nou in heroënskou geneem word.

## Safto ontvang vergoeding

Die Inkomstediens het reeds aan verskeie van hulle briewe geskryf en wag nou op hul antwoorde voordat 'n finale besluit geneem word.

In die geval van Safto, ontvang die organisasie tans vergoeding van uitvoerders vir sy raadgewende dienste. Dit sal onder normale omstandighede belasbaar wees. Die opskorting van sy vrywaring volg op 'n spesifieke versoek van me. Gill Marcus, Adjunk-minister van Finansies. Safto is reeds van die besluit in kennis gestel en het dit so aanvaar.